UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

6 Februarie 2006

Beste Kollegas en Studente

Hersiening van die taalbeleid

Welkom aan almal op die kampus!

Een van die belangrike sake op die universiteitsagenda vir vanjaar is die hersiening van die taalbeleid (en voortvloeiend daaruit ook die taalplan). Die huidige beleid, wat in Desember 2002 deur die US-Raad aanvaar is, en wat ons vanaf 2003 begin implementeer het, sluit die bepaling in dat ons na drie jaar weer deur 'n hersieningsoefening sal gaan. Dit is nou tyd om dit te doen.

Julle sal ook bewus wees van die openbare debat van laat verlede jaar oor die besluit van die Fakulteitsraad van Lettere en Wysbegeerte om die T-opsie na modules in die tweede en derdejaarstudie in die fakulteit uit te brei. Daardie besluit is deur die Raad by sy vergadering van 15 Desember 2005 met 'n oorweldigende meerderheid bevestig, ná 'n eenparige her-aanbeveling deur die Fakulteitsraad, gevolg deur deeglike debat en stemming in die Senaat.

In teenstelling met 2002 toe ewe groot openbare debatvoering oor taal by die US aan die orde was, het ons nou nie nodig om die beleid weer van vooraf te ontwerp nie. Daar is 'n taalbeleid in plek (http://www.sun.ac.za/university/Taal/taalbeleid2004.doc), ons beskik oor die nodige strukture, soos die Taalkomitee en die Taalsentrum, ons het die nodige kundigheid binne daardie strukture, en ons het 'n Gedragskode vir Taal in die klaskamer (http://www.sun.ac.za/university/Taal/gedragskode.doc).

Taal aan die universiteit is 'n akademiese saak. Reeds sedert die aanvaarding van die huidige taalbeleid is die bestuursverantwoordelikheid hiervoor toegesê aan die Viserektor (Onderrig). Met al die relevante stukture binne sy jurisdiksie, of waartoe hy toegang het, kan die hersiening van die taalbeleid dus ten beste binne die lynfunksie van die VR(O) gedoen word.

Ná gesprekvoering en oorlegpleging oor hierdie saak – ook met inagneming van ander belangrike aspekte rakende onderrig en leer, studentebetrokkenheid, kommunikasie en die benadering en uitvoering van die taak volgens projekbestuursbeginsels – het ek 'n taal-taakgroep aangewys om die hersiening van die taalbeleid as 'n projek vir 2006 te onderneem. Die projekeienaar is die Viserektor (Onderrig), prof Russel Botman, en die projekleier is die Direkteur van die Taalsentrum, prof Leon de Stadler. Ander lede van die taakgroep is prof Anton van Niekerk (hoogleraar in Filosofie en voorsitter van die Taalkomitee); dr Brenda Leibowitz (Direkteur: Sentrum vir Onderrig en Leer), dr Edna van Harte (Studentedekaan), Mnr Mohamed Shaikh (Bestuurder: Kommunikasie), en mnr Kobus Ehlers (ondervoorsitter van die Studenteraad). Die taakgroep het reeds vergader en hul terme van opdrag word tans verfyn. Projekbestuur sal behartig word deur Dr Barbara Pool (Bestuurder: Projekte), en kundigheid op ander terreine sal ingebring word soos nodig, insluitende die moontlikheid van kooptering. Die Afdeling Institusionele Beplanning sal betrokke wees by die ontwikkeling van die nodige meetinstrumente en die kwantitatiewe aspekte van bestekopnames soos nodig. Die proses sal tweetalig bedryf word, in Afrikaans en Engels, om seker te maak dat alle belanghebbers dit kan volg en kan deelneem soos nodig.

Om 'n goeie akademiese koppeling te verseker, veral met fakulteite via ons dekane, het ek versoek dat die hersiening van die taalbeleid voortaan 'n staande item op alle vergaderings van die Uitvoerende Komitee van die Senaat sal wees. Personeellede kan gerus via hul fakulteitstrukture of verantwoordelikheidsgebiede insette lewer, en studente via die Studenteraad en Akademiese Belangeraad. Die taal-taakgroep sal ook deurlopend in die gees van deursigtigheid en deelnemendheid oor tersaaklike aspekte van die hersieningsoefening met 'n groter Verwysingsgroep skakel. Ons beoog om 'n Verwysingsgroep met breë verteenwoordiging saam te stel op uitnodiging vanuit die statutêre liggame aan die universiteit, die kampusgemeenskap, kenners en belanghebbers in die groter konteks van die universiteit se akademiese funksies: leer en onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie. Ons wil ook die geleentheid skep vir insette van die publiek.

Ons uitgangspunt is dat ons pro-aktief met ons interne en eksterne rolspelers wil kommunikeer om hulle deurlopend op die hoogte te hou van vordering met die projek. Met hierdie oogmerk het ek Prof Russel Botman, VR(O), as amptelike Taalwoordvoerder van die Universiteit Stellenbosch benoem.

Ek wil ook die aandag daarop vestig dat die hersieningsproses nie beteken dat die taalbeleid in sy huidige vorm ongedaan gemaak is nie – met inagneming, natuurlik, van enige geldende besluite sedert 2002 van die Senaat en die Raad. Die geld ook vir die gebruik van die taalspesifikasies in die klaskamer. Ek doen 'n beroep op alle studente en personeel om die besluite waartoe ons gekom het aan die einde van 2005 te honoreer in die gees van ons gedragskode oor taal in die klaskamer. As daar enige beduidende afwykings in hierdie opsig in die lesingsale blyk, beskik die universiteit oor die nodige akademiese strukture om dit te behartig. Prof Botman sal hierdie saak verder aanspreek. Soos enige ander saak aan die universiteit, geld dit ook in die geval van taal dat indien daar 'n probleem opduik, en die bestaande strukture dit nie na behore kan behartig nie (en alleen nadat die bestaande strukture gebruik is), dan is dit enige student of personeellid se goeie reg om die saak na die Ombudsman van die Universiteit deur te gee. Haar besonderhede is: Me Letitia Snyman by 082-807-2994 of (021) 808-2750, e-pos ombudsman@sun.ac.za. Haar kantoor is geleë in Murraystraat, Stellenbosch.

Ons kan 'n lewendige openbare belangstelling in die proses van hersiening van die taalbeleid verwag. Soveel so, dat ons reeds van *Die Burger* verneem het dat hulle beoog om joernaliste te stuur om van tyd tot tyd onaangekondig in ons klaskamers te kom sit om ons onderrig dop te hou. Ander groepe of individue mag wel dieselfde wil doen. Ons standpunt hieromtrent is dat ons niks het om weg te steek nie, en dat ons vertroue het in ons studente en personeel om op te tree in belang van die die Universiteit en die akademiese taak wat ons verrig. Enige beleid van die Universiteit, die taalbeleid inkluis, moet immers in diens staan van die akademie, wat ons kernbesigheid is.

Die universiteit het oor die afgelope jare, deur die akademiese besluitnemingsprosesse waaraan ons gewoond is en waarin ons vertroue het, belangrike besluite geneem oor taal. Hierdie jaar gaan ons dit weer doen. Ek is seker dat dit ons as akademiese instelling nogmaals 'n stap vorentoe sal neem. Ek wil julle graag by voorbaat bedank vir julle deelname aan die proses.

Met groete en beste wense vir die jaar wat voorlê.

Chris Brink

Prof Chris Brink
Rektor en Visekanselier

Chris Brink
Rektor en Visekanselier • Rector and Vice-Chancellor
Universiteit van Stellenbosch • Stellenbosch University

Stellenbosch 7602 • Suid-Afrika/South Africa • Tel: +27-(0)21 808-4654 • Faks/ Fax : +27 (0)21 808-3714
E-pos/ Email: chrisbrink@sun.ac.za • Web: http://www.sun.ac.za/rektor